

Verslag Raadslid: Johannes Langenhoven

Portefulje: Regulerende stelsels en administrasie.

Baie dankie vir die geleentheid om namens u, die van die SA Boerperd genootskap op die raad te dien en besluite te neem wat almal raak. Dis nooit net maklik nie maar solank die motief suiwer is het ek al gesien hoe word die doelwit nl. die bevordering van die ras en regverdige behandeling van sy mense gewoonlik duidelik!

My opdrag en doelwit was om die beheermaatreëls in plek te kry nadat ons net voor die 2012 Nasionale skou moes terugval op "ou" reëls en 'n hele jaar se besluite deur die AJV en die raad op ys geplaas was om misverstande uit die weg te ruim. Omdat die beleid is om slegs aan die begin van die jaar verandering aan te bring wat dan konsekwent van alle streeksskoue en die volgende Nasionale skou geld het ons die vorige jaar en 2013 besluite almal deurgewerk en in plek gestel. Ongelukkig het daar na al die moeite nog 'n fout ingesluip en is een klein verandering aan 'n handleiding per abuis op die verkeerde (ou) formaat gedoen en na die webblad deurgestuur, maar wat later ontdek en reggestel is.

Die interessantheid is egter hoe baie mense oor reëls kan praat, maar hoe lank dit neem om 'n fout te ontdek en hoe graag elke deelnemer en beoordeelaar/beampte die reël nakom wat hom of haar pas, maar goedgunstiglik die res ignoreer.

Ek sal graag wil sien dat alle bestaande reëls en bylaes ingedeel word sodat dit bloot makliker sal wees om te kry wat jy soek.

Die 2de deel van my opdrag nl. om die besluite van die raad (die besluite register) en die deurgeevende besluite aan die lede so te struktureer dat ons minder verwarring en meer duidelikheid het is nog 'n groot taak wat nie na wense funksioneer nie omdat ons dalk nog te maklik op die AJV en in raad besluite neem sonder beplanning en begroting en dan later ons fout agter kom. Die besluit en uitvoering deur die President van 'n oop en deursigtige beleid maak dit egter makliker en ek glo dat dit die oplossing vir die pad vorentoe is.

My belewenis is dat ons die jaar groot pogings aangewend het om opdragte te maak werk (byvoorbeeld die Sentrale hingskeuring) en d.m.v. deelnemende gesprekke daarin geslaag het. Ons het gesien dat raadslede wat nie noodwendig geloof in 'n opdrag het nie volstroom daaraan werk en dit laat slaag. Dit dink ek is die voorbeeld wat ons almal kan nastreef "om 'n ossewa binne die bestaande reëls om te draai" sonder om persoonlike belang eerste te stel.

My aanbeveling sou wees dat ons d.m.v. Tradisionele en Universele werkswinkels, deelnemers geleentheid gee om hul behoeftes te kan uitspreek sonder om te vergelyk met mekaar en ons twee dissiplines albei so uit te bou i.p.v. foutvind in mekaar se doen en doelwitte.

Mag ons met minder reëls meer mense en perde gelukkig hou en die toekoms verseker. Baie dankie aan die President wat dit moontlik maak vir die raad om in 'n hartlike atmosfeer saam te werk en bereid is om sy goeie oordeel en dapperheid dikwels daarvoor te gebruik!